

Woensdag 29 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Samuel 13

Fokusgedeelte: 2 Samuel 13:32

Die droewige gevolge van 'n slegte voorbeeld!

Kinders doen nie noodwendig altyd wat ouers vir hulle sê nie. Hulle doen eerder dit wat hulle by hulle ouers SIEN! Koning Dawid moes dit leer uit die optrede van sy seuns, Amnon en Absalom. Sy sonde het nie ongesiens verbygegaan nie. Dit het baie hartseer tot gevolg gehad. Al was sy berou opreg (Ps. 51) en al het die HERE sy skuld vergewe (2 Sam. 12:13), het hy baie gely onder die gevolge van sy sonde – soos die HERE inderdaad gesê het: *“Ek sal onheil uit jou huis oor jou verwek”* (12:11).

Die “onheil” begin met Amnon wat sy halfsuster, Tamar, verkrag (13:1-17). Dit is die “onheil” op Dawid se owerspel met Batseba! Hy het gegryp wat nie aan hom behoort nie. Dan volg Absalom se woede en die listige manier waarop hy op sy halfbroer, Amnon, wraak neem (13:13-29). Dit is die “onheil” op Dawid se moord op Batseba se man, Uria! Absalom doen ook wat hy nie mag doen nie. Die wraak kom hom nie toe nie (Rom. 10:19; Heb. 12:30). En Dawid? Hy bly stil – al is Amnon se bloedskande en Absalom se moord albei halsmisdade wat die doodstraf verdien (Lev. 20:17; Gen. 9:6)!

Vergifnis van sonde deur die bloed van Christus vee nie die gevolge van ons sonde heeltemal uit nie. Gelowiges dra dikwels swaar aan die gevolge van ons sonde! Ons verkeerde voorbeelde veroorsaak baie hartseer. Vlug ook met dié hartseer gevolge van 'n verkeerde voorbeeld na God toe. Soek jou troos by Hom. En lê jou dan met nuwe dankbaarheid daarop toe om die regte voorbeeld te stel deur die genade van die Heilige Gees.

Sing: Psalm 130-1:2

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)